

Ons Leer Brei (Slot)

AFWERKING


AFWERKING beteken nie net om sy- en skouernate toe te werk of moue in te sit nie. Breiklere kan heeltemal bederf word as dit verkeerd gepars of gestryk word en as 'n verkeerde soort naat gebruik word vir die aanmekeer werk.

Gebreide kledingstukke en kledingstukke van materiaal word op verskillende maniere aanmekeer gewerk.

TOEWERK VAN NATE

Wanneer nate van 'n gebreide kledingstuk toegewerk word, is dit onnodig om naat-toelating te bereken, want 'n naat in breiwerk moet so onsigbaar moontlik wees.

Wanneer 'n swaar kledingstuk soos 'n baadjie of jas, aanmekeer gewerk moet



word, moet die twee pante met regte kante bo, teenmekeer geplaas word en die eintlike naat met die hand, ongeveer 3 mm van die rand af, gewerk word. Katoendraad van dieselfde kleur as die breigaring moet gebruik word.

Ander werk aan die kledingstukke kan jy met matrassteek doen. In dié geval word die werk aan die verkeerde kant gevoer en dieselfde kleur garing gebruik (raadpleeg foto 1)

Plaas die 2 rande wat aanmekeer gewerk moet word langs mekaar. Tel dan met 'n

borduurnaald 'n steek van die linkerrand op, dan een van die regterrand. Beweeg van die buitenste rand na die binnerand van die werk en van onder na bo.

Indien die naat nog onsigbaarder moet wees, moet die rande aanmekeer gemaas word, ook van onder na bo, aan die regte kant van die werk. Plaas die 2 rande wat aanmekeer gewerk moet word, langs mekaar en werk dan, met 'n (ver kieslik stomp) borduurnaald en dieselfde kleur garing as die kledingstuk, die eerste 2 steke aanmekeer.

Tel dan horisontaal 2 steke op (raadpleeg foto 2) en om die beweging te voltooi, steek die naald in die middel, net onder die pas gemaakte steek, in en aan die bokant daarvan weer uit (raadpleeg foto 3). Tel weer 2 steke horisontaal op. Dit spreek vanself dat jy 'n patroonsteek moet probeer namaak indien daar 'n patroon in die kledingstuk is. Jy kan natuurlik altyd matrassteek gebruik wanneer jy nie tyd genoeg het om 'n patroonsteek te probeer naboots nie.

STRYKWERK

Ons het reeds opgemerk dat 'n mens 'n kledingstuk onherstelbaar kan bederf as jy dit op die verkeerde manier stryk. Dikwels kan klein foutjies selfs weggestryk word, soos ongelyke breiwerk of onnette rande, of wanneer een kant nie presies so lank soos die ander is nie.

Die afsonderlike dele van die kledingstuk moet dan plat op die strykplank geplaas en vasgespeld word, die linker- bo-op die regtermou, die regtervoorant bo-op die linker-, met regte kante teenmekeer, terwyl die agterpant presies in die middel gevou moet word. (Bepaal eers die middel en merk dit met lang steke.)

Dié week kom afwerking, toewerk van nate en stryk van gebreide kledingstukke plus 'n paar ander vakgeheime aan die beurt

1. Naat met matrassteek.
2. Begin met toemaas van naat.
3. Só vorder die toemaas van naat.
4. Gereedskap wat onmisbaar is.

Stryk die dele dan onder 'n NAT (nie net 'n klam) lap nie. Moenie die yster stoot of baie hard daarmee druk nie.

Die stoom wat deur die nat lap die breiwerk binnedring, stel jou in staat om die een pant te rek tot die grootte van die ander. Trek die spelde slegs uit wanneer die breiwerk afgekoel het. Onthou egter dat hierdie metode nie baie groot foute, soos 'n trui wat te lank is of te styf pas, sal reg stel nie. Die stoom sal dit net tydelik verbeter. Wanneer die gebreide kledingstuk gewas word, keer dit tot sy oorspronklike vorm terug.

NOG BELANGRIKE INLIGTING

Hier volg 'n paar vakgeheime om jou in staat te stel om volmaakte breiwerk te lewer. Moenie dit ignoreer omdat die modeklere tans lossies pas nie.

Modes verander en wanneer klere wat presies pas, weer in die mode is, sal jy weet hoe om dit af te werk.

Om te voorkom dat 'n skouernaat rek en so die hele indruk bederf (dis nou klere wat presies pas, nie die sakkerige soort nie) moet 'n klein stukkie voeringmateriaal aan die naat vasgewerk word om dit in posisie te hou.

Aan die binnekant van die some van gebreide rompe en rokke moet smal skuinsband van voeringmateriaal gestik word. Om te verhoed dat die soom uitsak, kan smal skuinsband aan die binnekant vasgewerk word.

'n Voering moet altyd baie lossies aan die



verkeerde kant van 'n kledingstuk vasgewerk word om nie die rekbaarheid van die breiwerk te belemmer nie. Die voering moet slegs aan die skouernate, halsrand en mousgate vasgewerk word. Verder moet dit los hang. 'n Voering behoort ook 'n paar cm korter as die gebreide kledingstuk te wees om te voorkom dat dit onder die soom van die gebreide kledingstuk uitsteek.

In die volgende uitgawe begin 'n splinternuwe reeks lesse — filethekeelwerk.